

1 Tessalonisense 4:1-8
20 Snd.n.Trin 09 Okt. 2016

Nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe.

*Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. **Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe.** Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie. Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys. God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.*

Liewe gemeente,

hierdie is die eerste van 'n reeks van vier Sondae waar ons oor die huwelik sal fokus, of te wel, soos hier in die teks, seker aspekte sal uitlig, wat skeef kan loop. Die eerste vraag wat ek vra wanneer sulke vermanings aan ons voorgehou word, is: waarom dan nie? Weerhou julle van onsedelikheid! sê Paulus, en ek vra: waarom? Waarom dan nie onsedelik lewe nie?

Soos by elkeen van die 10 gebooue, wil ons nie slegs blinde gehoorsaam toepas nie, maar verstaan waaroor dit gaan. Jy mag nie steel nie! Waarom dan nie? Wel, omdat God so sê - finnish en klaar. Maar daar is ook 'n klomp sinvolle redes: Omdat hemel en aarde aan die Here behoort en aan ons toevertrou. Alle vermoëns om huis en haard, besittings en talente te vermeerder, moenie misbruik word om onself te verryk nie want ons besit buitendien niks nie. Die versoeking is telkens om ons eie mens-wees-waarde te meet aan die hoeveelheid goetters wat ons het. God het vir Israel 'n heilige land gegee; dit mag nie deur ander gestelle of wederregtelik verkry word nie. God sal in alle behoeftes voorsien; vertrou op Hom. En met wat ook al die Here aan jou toevertrou het, moet jy woekker en werk sodat jy met die magsmiddele wat jy het, ook ander kan dien en help. En soos ons aangaan om te verduidelik, behoort die insig te groei dat iemand wat in Christus is, glad nie eers op die idee kom nie, om deur middel van onregverdigheid die leer van waardigheid en sukses op te styg nie. Ten spyte van versoekings wat om elke hoek en draai op jou loer, sal 'n Christen opreg en heilig lewe. Dit is die belofte en werk van die Gees van God in ons.

En so ook met hierdie tema gaan dit eerstens om insig ... en dan die daaruit voorspruitende positiewe handeling of te wel, die vermaning om nie in die negatiewe te verval nie.

So, waaroor gaan dit? Antwoord: **heilig lewe** (nie in die eerste lyn oor die huwelik nie) Dis veral belangrik dat die belangrikste *die belangrikste* moet bly. En so ook wanneer ons wel hoofsaaklik na verhoudinge verwys, sal ook nie-getroudes en enige ander persoon hier aan tafel kan sit.

As ons al die positiewe terme langs al die negatiewe uitdrukkings plaas, is dit nog al opvallend, hoe kras en duidelik Paulus wil praat (verwys na die teks, die woordeskat)

Ons hou in gedagte dat die stad Tessalonika 'n Griekse hawestad was soos enige groot hawestad vandag. Alle moontlike en onmoontlike godsdienste, gebruike, tale, kulture, deugde en ondeugde kan hier gevind word. Die klein eiland van 'n Christelike gemeente behoort daarom op die eerste oogopslag niks besonders te wees nie; mense sou dink: hier is maar net nog 'n godsdienstige sekte soos 'n 1000 ander ook. Maar nee, kyk weer, sou Paulus aanmoedig: Hier word die waarheid gevind, hier is 'n kerk soos die ligting vir die wêreld, hier in die gemeente is ware liefde - nie die soort liefde wat jy op elke straathoek kan koop nie of as offergawe in 'n Griekse tempel kan ontvang (temelprostituussie) nie. Hier is Christene wat weet hoe om genade te ontvang en hoe om die ware God met 'n opregte, heilige lewenswandel te dien.

Die woord *heilig* beteken inderdaad: opsy sit, uitsonder, perfek, sonder blaam. Miskien was onder die gemeentelide ook vroeë Jode wat mooi vir die ander kon leer waarom sekere Ou Testamentiese offers "heilig" was - afgesonder vir God, aan God toegewy. Ook weet ons van sekere kossorte wat "rein" was en ander kossorte was "onrein" (om watter rede ook al God die voorskrifte gegee het). Onrein voedsel laat jy

staan - nie net omdat God só gesê het nie maar ook omdat ons vandag weet, die meeste ongesond is - dus die liggaam inderdaad besoedel.

Daarom was dit maklik verstaanbaar dat ook sekere lewensgewoontes vir 'n mens ongesond is - nie net omdat God seksuele uitspattighede verbied het nie maar omdat die mens se gedagtes, ja die hele samelewing besoedel word. *Lewe nie soos die heide nie!* - vermaan Paulus. Sonder julle af van hulle leefwyse en wees nog meer toegewyd aan God. Daarin het God genoë wanneer iemand opreg al hoe meer soos die Seun van mens, **soos Christus word**. Hy is ons voorbeeld om na te strew, ons leidsman wat ons imiteer, ons Herder wat ons bewaar teen gevare en ons krag vir elke dag se vernuwing. Enige iemand wat die Gees van Christus ontvang het, sal leef soos 'n ware kind van die Here.

En nou kan ons eintlik "Amen" sê, want die belangrikste is gesê. Nou gaan in vrede weer tussen die heide in die alledaagse lewe. En wat gebeur? Allerhande uiteenlopende verhale - soos ook in ons gemeente elkeen sy eie lewensverhaal met ons kon deel. Sommiges staan, ander val. Sommiges kan as lig vir die wêreld optree, ander pas aan en word weer vriende met die wêreld. Sommiges is agente vir geregtigheid en vrede, ander verval weer in magsstryd en bakleiery. Daarom, lieve gemeente, het ons mekaar nodig. Daarom het die Here ons aanmekaar toevertrou om mekaar by te staan, om met mekaar te bid, te veg, te strew, te beraadslaag, te vermaan, te bemoedig. So skryf Paulus dan ook: *Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe!*

En nou gaan hy oor na 'n paar praktiese voorbeelde waarvan die eerste te doen het met verhoudinge en liggaamlikheid. En die hoogste menslike verhouding kan gevind word - in die huwelik. En dit is dan nou ons tema vir die volgende vier Sondae. Vandag sal ons die wese en orde van die huwelik onder oënskou neem, en volgende keer meer die versoekinge of uitdagings in die huwelik uitlig - soos Paulus dit hier ook doen.

Kom ons val weg. Vier redes waarom vanuit Bybelse perspektief die huwelik onverbreekbaar is:

1. Aan die begin het God een man en een vrou gemaak. Daar was dus geen alternatief nie, hulle was vir mekaar bedoel en Adam het geen keuse gehad nie, en so-ook Eva kon nie kies nie. En dit was baie goed aan die begin.
2. Die huwelik is God se idee. Jesus verwys op talle plekke na hierdie feit en lig uit: *wat dan God saamgevoeg het mag geen mens meer skei nie*. Dit is God se werk om die twee bymekaar te voeg. Die huwelik is dus nie 'n verbruiksartikel wat jy kan gebruik, misbruik en dan kan weggooi nie. Die huwelik is heilig, van God gemaak (enige huwelik, Christelik of nie).
3. Die aard van die verbintenis sê ook duidelik dat dit onverbreekbaar is want as man-en-vrou saam is hulle ewebeeld van God. *Die mens* het God geskape, as man-en-vrou. In hulle daar-wees is hulle ewebeeld van God. By elke troue glinster nie net die versierings, blomme en trouklere nie, maar daar word God se heerlijkheid weerspieël. Hulle is vir mekaar bedoel, hulle werk saam, hulle vul mekaar aan.
4. Daarom sal 'n man vader en moeder verlaat en aan sy vrou kleef en die twee sal één vlees word. Die seksuele, intieme eenheid is die eenheid en vind uitdrukking in die kind wat uit daardie eenheid gebore word. Jy kan nie 'n kind verdeel nie - dis 'n nuwe skepping van God uit die eenheid van man en vrou. Dit is God se goeie orde. Só het God dit bedoel.

Kom ons kyk kortliks na redes waarom mense nie moet trou nie / verkeerde verwagtinge as mense trou:

- ek sal/het my droom-man/vrou gevind en trou met 'n wonderlike, perfekte huweliksmaat;
- in die huwelik sal ek ware liefde vind; my eggenoot maak my gelukkig;
- saam sal ons die toekoms trotseer en ons sal vreugde vind tot in lengte van dae;
- my huweliksmaat sal al hoe mooier word / mag net nie verander nie;
- ens

Wat is fout met elkeen van hierdie wanvoorstelling?

- daar is nie so iets soos 'n enkele droom-eggenoot nie, daar is baie mense wat tot by pas maar ek kies een persoon, en ek kies om nie meer te kies nie, ek bly toegewyd want wat God saamgevoeg het ...
- die huwelik op sig self gee geen liefde nie; elkeen bring liefde in deur opofferings, aanpassing en diensbaarheid; die opvatting behoort te wees: hoe kan ek my huweliksmaat gelukkig maak!
- ons weet nie wat die toekoms inhou nie; elke dag bring ook verdriet en leed
- almal verander voortdurend; dit sou erg wees as iemand nie groei en verouder nie; - ens

Waaroor gaan dit nr 1 in elke mens se lewe? Antwoord: toegewydheid aan God! Want Hy's toegewyd aan ons.

Hoe lyk die **toegewydheid** in die alledaagse lewe? Antwoord: dit kan baie gestaltes kry. Een van uitbeelding van toegewydheid aan God is ook: toegewydheid aan 'n huweliksmaat. Nie alle mense egter trou nie. Enkellopendes kan net so in hulle roeping as ongetroudes lewende getuienis van toegewydheid wees.

Dit word onderstreep deur die skaduweekant wanneer ons bv vra: word net getroudes versoek om losbandig te lewe, om ongeoorloofde verhoudinge aan te gaan om liggaamlik, seksueel te oortree? Antwoord: nee, elke mense se getrouheid aan die Here word in verskillende situasie op die proef gestel.

Die volgende tabel wys dat vir elke individu beloftes en vermanings geld, maar dat vir getroudes bykomende beginsels van toepassing is.

Besin oor / verduidelik die tabel ...

Ons verstaan waarom Paulus tot die slotsom kom (om nie te trou nie) wat hyself wil allereers sy volle insette vir die uitbreiding van die Koninkryk van God gee - en dit kos tyd, geld en opofferings.

Maar ek sou myself ook kon voorstel dat Paulus dadelik sou toegee dat die Koninkryk ook gebou word dmv die huweliksverbond en die opvoeding van kinders. Daar is dus nie 'n teenstrydigheid nie, maar 'n andersheid.

Aan die einde van die dag sal ons ook nooit kon aflei of enkellopendes beter of méér gelukkig sou wees as getroudes, of omgekeerd nie, want ons ervaar op verskillende maniere blyskap en lewensvervuldheid.

Vermaning	Individuë	Getroudes
Liggaam	behoort aan God Tempel vd Here	behoort aan die eggenoot, skepping
Gods- en erediens	elkeen op sy eie, geestelike familie	Gesinsgodsdien NB
Onderdanig wees	aan die Here, die staat, ouderlinge	wees aan mekaar onderdanig
Besittings	Behoort aan die Here, gee aan staat	gemeenskaplike ekonomie, deel
Familie	eie biologiese gesin	2 families bymekaar, rolverdeling / pa-ma
Samelewing	tree op en dien as individu	dien as gesin, status en aansien faktore
Paulus:	wees soos ek, dis 'n geestesgawe	Trou dan maar, wees saam ewebeeld vGod

Terwille van sending en terwille van Christus se wederkoms dring Paulus op 'n geheiligde lewe aan.

Ten opsigte van die lewensstyl gaan Paulus nou in op die aangeleentheid van losbandigheid waarop ek volgende keer verder sal ingaan. Ek sal preek oor *die liefde* en verwys na die misbruik van liefde.

Toegewydheid aan die Here word veral ge oefen binne die menslike verhouding van die huwelik. Binne die grense van die huwelik wil God sy liefde gee. En God se liefde is een van die lekkerste lekker van alle lekkers. Lekkerkry op sig self is nie sonde nie, nee, God gun vir ons vreugde, blydskap en vrolikheid. Maar wanneer ons dit "buite Christus" soek en sonder bybelse riglyne uitleef, kan dit God nie behaag nie. Ons egter wil God-gesentreerd lewe. *God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.* Kan ons dit reg kry om ook ons liggaamlikheid God-gesentreerd uit te leef?

Ons wil getrou wees, want God is getrou aan ons. En as iemand deur 'n sonde oorval word, dan kom na die Here terug, bely dit opreg en laat julle weer geheilig word want julle is heilig. Amen.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, die waak hou oor julle gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, onse Here. Amen.